Die Lewende Kerk

Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 25 September 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur Herman Coetzee.

Eksodus 3

Onverwagse pad na vrede

Omgee:

- Martie Ackerman het begin met chemo behandeling en is in Donald Gordon hospitaal weens baie lae weerstand.
- Chatye Rensburg begin ook 30 September met chemo behandeling.
- Jacques Moolman se pa is met 'n gewas op die brein gediagnoseer en ontvang chemo behandeling.

Offergawes:◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:☼

- **Aanderediens** vandag om 17:30.

- Ds Stephan se **kategesegroep** kom weer vanmiddag om **17:00** in die kuierkamer bymekaar.
- Op **Woensdag, 28 September** is ons gemeente verantwoordelik vir deurlopende **Voorbidding**. Vul asseblief jou naam in op die lys op die tafel agter in die kerk. (Lees meer hieronder by GEBED: 7 Dae op die Muur)
- **Die Lente-ete vir alle senior lidmate** word uitgestel na Oktobermaand. Die datum sal binnekort bekend wees.
- Kursusse en seminare vir die res van die jaar: **21-23 Oktober Oorwinnaars Bergbron**; 5 November Heilige Gees Seminaar Bergbron.
- Die **Gesinne-selgroep** gaan vandag voort na die erediens met 'n kursus wat handel oor jou skeppingsdoel van Bruce Wilkinson ("You were born for this"). Enigiemand is welkom om dit by te woon.
- **Tee/koffie skinkbeurte – vandag** skink Groep 3, Sue, Elize en Kinnie. Die volgende twee Sondae is skoolvakansie. Op 16 Okt is dit Groep 4 (Martie, Welna en Michelle) se beurt.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Koster

Die pos van Koster vir ons gemeente is vakant. Die kerkraad nooi persone uit om hulself beskikbaar te stel vir die pos, wat as 'n deeltydse werk vergoed sal word. Aansoeke sluit einde van September. Meer besonderhede is beskikbaar op aanvraag by die kerkkantoor.

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

26/09	ANNETTE MÜLLER	082 449 2234	
26/09	LETTIE VAN NIEKERK	073 214 2599	
27/09	LEANDI DE BEER	084 919 9077	
30/09	JANNIE COETZEE	0844966816	011 888 5029
01/10	ANTON VAN DER WESTHUIZEN	072 212 0565	011 477 9032

Mag die Here jou oorvloedig seën

Gebed: 7 Dae op die Muur (7 Days on the Wall)

- Wat is 'n 7 dae op die Muur? Dit is 'n 24/7 gebedsinisiatief (Dag en Nag van gebed).
- 'n Ernstige beroep word op SuidAfrika, Plaaslike Gemeentes, Gebedswagte en Organisasies gedoen om deel te neem en in erns God se aangesig te soek vir herlewing in Suid-Afrika.
- *Stel jou voor: al 900+ stede en dorpe in Suid-Afrika bid in "7 Dae en nagte" vir:*
  GEESTELIKE ONTWAKING VAN DIE KERK: Ons bid bv. vir die Oorwinnaars aanbiedingsnaweke Jes 62: 6-7
  REDDING VAN DIE ONGEREDDES: Hand 15:16

SOSIALE GEREGTIGHEID: Lukas 18: 7-8

- <u>Hoekom nou? Hoekom 24/7?</u>
  Mense regoor ons land is besig om hoop en vertroue te verloor omdat hulle persoonlike omstandighede al hoe meer uitdagend word. Die ekonomie groei nie sterk genoeg om werk te skep nie. Die Jeug se moraal is besig om te vervlak. Kyk na die tienerswangerskappe, dwelmmisbruik en alkoholisme neem toe. Ontstellende statistiek wys dat kerkbywoning in omtrent alle denominasies afneem. Slegs 10 miljoen van die 50 miljoen inwoners bely dat hulle 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het. Alternatiewe soos okkultisme, spiritisme, skeptisisme, ateïsme en voorvaderaanbidding neem toe.
  <u>Daar is egter 'n Belofte:</u> In Jes. 62:6-7 roep God wagters op die mure om dag en nag te bid…
- <u>Hoe kan ons betrokke raak?</u>
  Bergbron Gemeente is deel van 'n groep plaaslike Gemeentes wat verantwoordelikheid geneem het om die week van 26 September tot 2 Oktober 2016, 24/7 te bid. Ons neem verantwoordelikheid vir Woensdag 28 September.
- Ons Gemeente is die afgelope tyd besig met 'n gebedsreeks gebaseer op *Dr. Bennie Mostert se boek "Teen die Gety"*. Tot dusver het ons geleer om ons posisie in Christus te ken, teen die gety in te gaan en as oorwinnaar in Hom te bid. Ons het die volgende sake reeds aangespreek
  - Kies teen die Gety
  - Maak die oorwinnaar wakker
  - Jy is God se verteenwoordiger
  - Jy is koning, priester en profeet.
  - Verstaan jou gesagsposisie
  - Gebruik jou sleutelmag
- <u>Kom ons pas toe wat ons sover geleer het!</u>
- Agter in die Kerkgebou, op die tafel, sal 'n lys wees waarop lidmate hulle name kan plaas en 'n slot kan kies wanneer hulle wil bid, bv. 09:00 tot 09:30 Ons wil lidmate aanmoedig om van die halfuurslotte te neem en deel te neem. Dit neem slegs 48 lidmate wat elk 'n half uur slot neem, om die 24 uur siklus te dek
- Ons wil groepe en bedieninge aanmoedig om van die ure te neem en korporatief daaroor te bid, bv. Woensdagoggend Bybelstudiegroep.
- Ons beplan om op Woensdagaand die 28ste na Veranderde Lewens Gemeente te gaan en na 'n inligtingsaand waar Dr. Bennie Mostert 'n spreker is, te gaan luister. Enige persoon is welkom om saam te gaan. Dit begin om 7 uur.
- 'n Gebedswandeling "Prayer Walk in ons omgewing" word ook beplan. Veral jongmense word aangemoedig om deel te neem.

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan(011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).